

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. FILIP NERI

## STIGTER VAN DIE KONGREGASIE VAN DIE ORATORIUM EN TWEEDE APOSTEL VAN ROME

**S**t. Filip staan ook bekend as die *Tweede Apostel van Rome*. Hy is in Florence gebore, maar as jongman draai hy sy rug op die wêrelde en gaan na Rome in 1533. Hy wou sy lewe geheel en al aan God wy. Hy bestudeer filosofie en teologie, gee klas as privaat leermeester, terwyl hy sy nagte en gebed deurbring en daagliks die siekes en behoeftiges versorg. Tydens ‘n nag van gebed in die katakombes van St. Sebastiaan ontvang hy die Heilige Gees. Hy word in 1551 tot priester gewy en raak gou bekend as biegvader. In die soldervertrek van San Girolamo begin hy geestelike byeenkomste wat mense vanoor die hele stad en uit alle klasse getrek het. Benewens die bestudering van die Heilige Skrif en die lewens van die heiliges, is dié byeenkomste gekenmerk deur goeie sang en musiek en ‘n lewendige geestelike diskloers. Uit dié samekomste wat ook uitstappies en veral ‘n gereelde bedevaart na die Sewe Groot Basilieke van Rome ingesluit het, het die Kongregasie van die Oratorium mettertyd gegroei. Dié nuwe kongregasie is in 1575 kerkwetlik opgerig. St. Filip se goeie humorsin en voorliefde vir poetse as instrumente vir self-afsterwing het hom die bynaam van “die heilige grapjas” besorg. Hy is begrawe in die *Chiesa Nuova* in Rome. Dit was tot ‘n groot mate te danke aan die heilige Filip dat die slegte wêrelde beeld van *Renaissance* Rome omskep is tot dié van waardige hoofstad van die Christendom.

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. FILIP NERI

## SONDAG

### GEBED OM DIE Gawe VAN NEDERIGHEID

**S**t. Filip my beskermheilige, op aarde het u beskeie persoonlikheid en nederige gees u die ydelheid van aardse lof en roem laat insien.

**B**id vir my, sodat ek ook dié gawe van nederigheid mag verkry. U weet hoe trots ek dikwels in gedagte en daad is; hoe minagtend my woorde op ander se ore val en hoe verwaand my hart kan wees. Bid tot God, dat ek die gawe van ware nederigheid sal ontvang, dieselfde gawe waarmee u so geseënd was.

**P**eilige Filip, verkry vir my 'n nederige hart en help my bewus word van my eie geringheid, sodat ek, net soos u, dit met liefde sal verdra wanneer mense my minag en gering skat; help my om alle ydelheid en self-verheerliking af te sweer en laat my grootste begeerte dit wees: Om slegs groot in God se oë te wees. Laat ek Christus alleen roem en laat my grootheid huis in my nederigheid te vinde wees.

**D**it vra ek op u voorspraak, heilige Filip; deur onse Here, Jesus Christus, Hy wat met God die Vader, in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. Amen.

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. FILIP NERI

## MAANDAG GEBED OM DIE Gawe VAN GEDULD

**S**t. Filip my beskermheilige, in dié lewe was u altyd lankmoedig in moeilike tye en geduldig in lyding. Die beproewinge wat God goed gevind het om op u pad te plaas, het u met soveel liefde verduur. Ook kon u die venyn en onbegrip van vyande, die laste van die lewe en selfs liggaamlike pyn en siekte met gemoedsrus en 'n opgeruimde gees dra.

**B**id vir my, sodat ek ook dié gawe van geduld mag verkry. Hoe groot is my behoefte aan geduld nie! U wet hoe gou ek geneig is om tou op te gooi; hoe selfs die kleinste beproewing my dikwels onderkry; hoe gou ek my humeur verloor en hoe moeilik ek leer dat die weg na die paradys soms deur die dorings van swaarkry kronkel. Op dieselfde weg het ons Goddelike Meester gegaan en dié pad was ook die koers waarby u gehou het.

**H**eilige vader Filip, help my, deur u voorbeeld en voorbede, om my daagliks kruise te dra, sodat ek die moed en geduld sal hè om te volhard op die pad na my ewige geluk.

**D**it vra ek op u voorspraak, heilige Filip; deur onse Here, Jesus Christus, Hy wat met God die Vader, in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. Amen.

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. FILIP NERI

## DINSDAG

### GEBED OM DIE Gawe VAN REINHEID

**S**t. Filip my beskermheilige, hoe suiwer het die skoon vlam van ware reinheid in liggaam en gees nie in u gebrand nie! In u oe het deugsaamheid 'n tuiste gevind; in u hande die warm genesing van ware liefde. Heilige Filip, tot u liggaam het 'n aangename en bonatuurlike reuk afgegee wat vertroosting aan almal gebring het, wat met u in aanraking gekom het. Om u te stem te hoor, was alreeds 'n aansporing tot ywer en Godsvrug.

**P**eilige vader Filip, bid vir my, dat ek 'n rein hart en gees mag he, sodat die woorde en slechte voorbeeld van sondaars nooit my siel sal aanraak nie. Deur alle sondige situasie te vermy; deur u volharding in gebed; deur u onvermoeide ywer in naastediens; deur u volkome nederigheid en deur u gereelde gebruik van die Sakramente, kon u versoekinge van enige aard weerstaan. Help my, met dieselfde ywer waarmee u oor die reinheid van u biegtelinge gewaak het.

**D**it vra ek op u voorspraak, heilige Filip; deur onse Here, Jesus Christus, Hy wat met God die Vader, in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. Amen.

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSpraak VAN ST. FILIP NERI

## WOENSDAG

### GEBED OM DIE Gawe VAN GOD SE LIEFDE

**S**t. Filip my beskermheilige, verwondering vul my oor die grootste wonderwerk van u lewe, toe die Heilige Gees soveel hemelse liefde in u hart uitgestort het, dat twee van u ribbes gebreek is deur dié Goddelike aanraking. Hoe koud lyk my hart nie, vergeleke met u brande hart, vol liefde nie! Ek sien hoe u hart met hemelse vuur gebrand het, terwyl myne donker gebuk bly onder aardse begeertes.

**K** is so geheg aan dié wêreld, wat my nooit gelukkig sal kan maak nie. Ek is so verknog aan dié liggaam, so vermoei deur die las van aardse sorge, en die geluk wat ek wel smaak, is maar van korte duur. Hoe kan ek meer soos u word, om God as my enigste en hoogste goed te bemin. Staan my by, deur u kragtige voorspraak, dat ek mag leer hoe om waarlik lief te hê, en so alle struikelblokke sal oorkom wat my van eenwording met God in dié die lewe en in die toekomstige weerhou.

**D**it vra ek op u voorspraak, heilige Filip; deur onse Here, Jesus Christus, Hy wat met God die Vader, in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. Amen.

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. FILIP NERI

## DONDERDAG

### GEBED OM DIE Gawe VAN NAASTELIEFDE

**S**t. Filip my beskermheilige, u lewe het u gewy tot diens van u naaste; hul welsyn was u erns, en nooit het u sleg van ander mense gedink of gepraat nie. Dit was u lewensdoel en vreugde, om harte vir God te wen, en tot diens daarvan, het u al u tyd, en energie, en talente geplaas.

**H**elp my, om ware meegevoel met my naaste te hê, om nie verstrengel te raak in my eie vooroordele en opinies nie. Help my, om ander bo myself te stel, om alles wat ek is en het, as werktuig vir God se genade, in ander se lewens te gebruik. Help my, veral om my vyande van harte lief te hê, en nooit van ander kwaad te dink of te praat nie.

**D**it vra ek op u voorspraak, heilige Filip; deur onse Here, Jesus Christus, Hy wat met God die Vader, in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. Amen.

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. FILIP NERI

## VRYDAG

### GEBED OM DIE Gawe VAN AFSTERWING

**S**t. Filip my beskermheilige, u aardse lewe is gekenmerk deur eenvoud en opoffering. Nooit het u toegelaat dat wêrelsgoed en u gemaksugtige gees van u besit neem nie. Dit was u begeerte om geheel en al afhanklik te wees van God se voorsienigheid in al u daagliks behoeftes. Selfs tydens u aardse lewe, was u hart alreeds in die hemel.

**H**elp my om nooit agter aardse besittings en roem aan te jaag nie; help my tevreden wees met dit wat God in sy Alwysheid en Goedheid aan my gee. Bid dat my hart nie vergaan, onder die las van aardse sorge en 'n wêrelgesindheid nie. Help my, om dit wat aards en tydelik is, af te sterf; om myself los te maak van alles wat nie van God is nie. Laat u goeie voorbeeld my in my daagliks omgang met aardse dinge tot nut wees.

**D**it vra ek op u voorspraak, heilige Filip; deur onse Here, Jesus Christus, Hy wat met God die Vader, in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. Amen.

# DAAGLIKSE GEBEDE OM DIE VOORSPRAAK VAN ST. FILIP NERI

## SATERDAG

### GEBED OM DIE Gawe VAN VOLHARDING

**S**t. Filip my beskermheilige, hoe getrou was u nie met die uitleef van u Christelike geloof nie. Help my, om nie mismoedig en moedeloos te word nie. Verkry vir my die gawe van volharding waarmee u so ryklik geseen was. Mag ek in my eie lewe, net soos u, tot die dood getrou bly aan my Here en Heiland, Jesus Christus. Laat geen aardse beproeing, of ongeluk, of situasie, of eie swakheid my daarvan weerhou om getrou te bly aan Hom, wat die Weg en die Waarheid en die Lewe is nie.

**H**elp my. om al my my vertroue en al my hoop in Christus te plaas, en nooit my heil by enigiets of enigiemand anders te soek nie. Help my, om deur u voorbeeld, die pad van boetedoening en self-opoffering te volg, sodat my hart rein en my dade opreg sal wees.

**D**it vra ek op u voorspraak, heilige Filip; deur onse Here, Jesus Christus, Hy wat met God die Vader, in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. Amen.